Groot vreugde het vanjaar se 2020-Kersfunksies vir behoewendes by Volkshulp 2000 se hoofkantoor in Steadslaan, Queenswood gekenmerk.

Die knap organisasie van die personeel en die uitvoerende bestuurder, Corrie du Plessis het dit moontlik gemaak om die ouer garde en kinders feestelik te trakteer tydens die Kersfunksies wat onderskeidelik op ‘n Dinsdag en Saterdag gehou is.

Ds. Frans Marais van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes, Grootvlei het die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen.

Die personeel is beloon met oud en jonk se gesigte wat gestraal het toe die geskenke uitgedeel is. Hierna is gesmul aan die heerlike eetgoed op die tafels.

Volkshulp 2000 se hoofkantoor en die drie Snuffelwinkels (Pretoria-Noord, Booysens en East-Lynn) sal die hele Desember oop wees. Slegs op die amptelike vakansiedae Geloftedag, Kersdag en Nuwejaar sal die kantoor en winkels gesluit wees. Skenking en hulpverlening is meer as welkom aangesien die grendeltyd en die voortslepende ramptoestand weens die Covid-virus die nood onder hulpbehoewendes baie vererger het.